**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer: A174/2010

In die saak tussen:-

**MAJARA MOLOI** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* KUBUSHI, WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 10 OKTOBER 2011

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 20 OKTOBER 2011

---

[1] Die appellant is in die streekhof daaraan skuldig bevind dat hy op 16 Desember 2002 vir die klaagster twee maal verkrag het. Ingevolge die bepalings van artikel 51(1) van die Strafregwysigingswet 105 van 1997, soos gewysig, ("die Wet") is die appellant op 16 Julie 2009 gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf. Die appèl is net teen die vonnis.

[2] Die klaagster is gebore op 7 April 1986 en was dus op 16 Desember 2002 nog nie 17 jaar oud nie. Die appellant en die klaagster was egter vroeër gedurende daardie jaar betrokke in ‘n seksuele verhouding wat twee weke lank geduur het. Op 16 Desember 2002 omstreeks 15h30 het die appellant vir die klaagster in die straat raakgeloop. Hy het haar gegryp en ondanks haar teenstand getrek na sy woning. In die proses het die appellant vir die klaagster geklap en met die vuis geslaan. In die appellant se huis het die appellant vir die klaagster aan haar klere voor haar bors gegryp, haar teen ‘n muur gestamp, op ‘n bed gegooi en verkrag. Hierna het die appellant vir die huilende klaagster gevra of sy nog lief is vir hom en sy het gesê dat dit nie die geval is nie. Die appellant het die klaagster toe weer op die bed gegooi en weer teen haar sin geslagsgemeenskap met haar gehou. Na die tweede verkragting het die appellant, klaarblyklik as ‘n dreigement, die loop van ‘n vuurwapen teen die kop van die klaagster gedruk en ook later gedreig om haar met ‘n bottel te slaan. Alhoewel die appellant en die klaagster saam die huis verlaat het, wou die appellant haar nie laat gaan nie en is sy uiteindelik, deur die tussenkoms van andere, uit die greep van die appellant bevry. Die hele

voorval vandat die appellant vir die klaagster weggetrek het totdat sy uit sy greep bevry is, het ongeveer ‘n uur en ‘n kwart geduur. Die twee verkragtings het plaasgevind binne ‘n kwessie van ‘n halfuur. Die klaagster het slegs geringe fisiese beserings opgedoen en daar is blykens die rekord goeie rede om te glo dat sy geen blywende psigiese letsels oorgehou het nie.

[3] Die appellant was ten tye van die voorval ongeveer 26 jaar oud. Hy is ‘n eerste oortreder. Hy het ‘n vaste betrekking beklee as ‘n werktuigkundige op ‘n plaas waar hy ‘n maandelikse inkomste van R1 300,00 gehad het. Alhoewel hy nie getroud is nie, is hy betrokke in ‘n verhouding waaruit twee kinders gebore is wat ten tye van vonnisoplegging ongeveer twee jaar en ongeveer een maand oud was. Hy het ook bygedra tot die versorging van sy ouers. Hy was in hegtenis as ‘n verhoorafwagtende vir ‘n tydperk van ongeveer een jaar. Volgens die getuienis van die vervolging wat deur die verhoorhof aanvaar is, was die appellant ten tye van die voorval onder die invloed van sterk drank.

[4] Ingevolge die bepalings van die Wet is ‘n vonnis van

lewenslange gevangenisstraf voorgeskryf, tensy wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van ‘n mindere vonnis regverdig. Wesenlike en dwingende omstandighede wat die oplegging van ‘n mindere vonnis dan die voorgeskrewe vonnis regverdig, beteken presies wat dit sê, naamlik die teenwoordigheid van omstandighede wat eerstens wesenlik is en wat tweedens individueel of kumulatief die vonnisoplegger dwing tot die gevolgtrekking dat oplegging van die voorgeskrewe vonnis ‘n onreg tot gevolg sal hê.

[5] Die verhoorhof het bevind dat geen sodanige wesenlike en dwingende omstandighede teenwoordig was nie. Op appèl kan ons met hierdie bevinding slegs inmeng indien die verhoorhof ‘n wesenlike wanvoorligting begaan het of indien ons oortuig daarvan is dat die landdros se bevinding verkeerd is.

[6] Daar is tereg nie op ‘n wanvoorligting gesteun nie. Vir die redes wat volg, het ek egter tot die oortuiging geraak dat die verhoorhof fouteer het deur nie te bevind dat wesenlike en dwingende omstandighede die oplegging van ‘n mindere

vonnis dan lewenslange gevangenisstraf regverdig nie. Vir my is die wesenlike faktore dat die appellant ‘n eerste oortreder is en dat hy ‘n vaste betrekking beklee het, asook dat die voorval van korte duur was en geen blywende psigiese letsel agtergelaat het nie. Die kumulatiewe effek hiervan is na my oordeel dat ‘n vonnis van lewenslange gevangenisstraf só buite verhouding is tot die misdaad, die misdadiger en die belange van die gemeenskap dat die oplegging daarvan ‘n onreg teenoor die appellant daargestel het. Die vonnis kan dus nie bly staan nie.

[7] Daar is egter geen twyfel daaroor nie dat die appellant ‘n baie ernstige misdryf gepleeg het. Die arrogante seksistiese houding wat weerspieël word deur die gedrag van die appellant kom in my ervaring in hierdie hof, veels te dikwels voor en moet met swaar vonnisse uit die gemeenskap geweer word. Na my oordeel is ‘n vonnis van 19 (negentien) jaar gevangenisstraf gepas in al die omstandighede van hierdie saak.

[8] Gevolglik slaag die appèl teen vonnis en word die vonnis van lewenslange gevangenisstraf tersyde gestel en vervang met

‘n vonnis van 19 (negentien) jaar gevangenisstraf wat geag moet word opgelê te gewees het op 16 Julie 2009.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**E.M. KUBUSHI, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. J.D. Reyneke<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. F.J. Pienaar<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp